Ontmoeting 2

Debora

Die kinders besef dat God die wat op Hom vertrou, red.

Teks: Rigters 4:1–24
Hulpmiddels:

- ŉ Houertjie vir elke kind wat deelneem aan die eerste speletjie by "Welkom".
- Appels en 1 patat
- Blinddoeke en items om ŉ hindernisbaan te bou vir speletjie 2 by "Welkom".
- 3 Besempoppe of maskers of "akteurs" met die volgende bykomstighede:
    - Debora kan ŉ band/koord om haar kop hê
    - Barak kan ŉ swaard vashou
    - Jael kan ŉ doek om haar kop hê
    - Die aanbieder is self die verteller
- Toiletrolletjies, 3 prente van blare per kind, 1 prent van Debora per kind
- Afdrukke van die blokkiesraaisel

Welkom

Gee vir elke kind ŉ bakkie of glasie met twee klein stukkies appel in, net in een bakkie of glasie sit jy een stukkie appel en een stukkie patat. Vra almal om albei te proe. Vra nou dat almal wie se stukkie soos ŉ appel proe, moet opstaan. Vra nou dat almal wat een het wat nie soos ŉ appel proe nie, moet opstaan. Kyk of daardie een kind opstaan.

- Ek wonder wie van julle hou daarvan om anders te wees tussen ander.
- Ek wonder wie hou daarvan om ŉ goeie leier te wees.

Hindernisbaan: Maak ŉ paar spanne van twee elk. Een kind uit elke span word geblinddoek. Die "siende" maat moet die maat wat geblinddoek is, deur die hindernisbaan lei deur opdragte te gee. Die opdrag wat die span kry, is: "Kry die geblinddoekte maat aan die ander kant van die hindernisbaan, maar niemand mag aan mekaar raak nie." (As daar dus ŉ kind is wat die hindernis uit sy maat se pad haal, of hom bv. buite om die baan stuur en nie deur die baan nie, is dit nie verkeerd nie. Moenie hierdie opsies vooraf vir hulle gee nie.)

- Ek wonder watter maats het die beste saamgewerk.
- Ek wonder hoekom hulle so lekker saamgewerk het.
- Ek wonder of dit nog so lekker sou werk as die kind wat geblinddoek was vir die ander maat die pad moes verduidelik.

Wyding

Stilword-ritueel: Laat die kinders die volgende verse agter die leier aan sê: "Die Here is my herder, ek kom niks kort nie. Hy laat my rus in groen weivelde. Hy bring my by waters waar daar vrede is. Hy gee my nuwe krag. Hy lei my op die regte paaie tot die eer van sy Naam." (Ps 23:1–3)

Woord

Hierdie kwartaal gesels ons oor vreemde vroue in die Bybel. Kan julle onthou wat was een van die 5 vreemde name van die sussies waaroor ons verlede keer gesels het?
Vandag ontmoet ons nog ŉ vreemde vrou. Sy het nie ŉ vreemde naam nie, maar sy het ŉ baie vreemde werk gedoen wat vroue in daardie tyd nie eintlik gedoen het nie.

Verteller: Twintig jaar is ŉ baie lang tyd. Vir 20 jaar lank was die Israeliete slawe vir ŉ vreemde koning. Hierdie koning se naam was Jabin en die hoof van sy weermag se naam was Sisera. Hulle het die Israeliete vreeslik sleg behandel en God nie respekteer nie. Die mense het gebid en die Here gevra om hulle te red uit hulle vyande se hande. Toe stuur God ŉ rigter wat ook ŉ profetes was om hulle te red. Ek wonder wie van julle kan vir my sê wat ŉ rigter is. *(Rigters is leiers wat God aangestel het in die tyd voordat daar konings in Israel was).*
En ŉ profetes? *(ŉ Profetes is ŉ vrou wat ŉ boodskap van God af kry en dit aan die volk vertel).*
In die tyd van die Bybel het mense gedink ŉ vrou is onbelangrik en dat net mans leiers kan wees. Vroue moes altyd onder ŉ man se leiding wees. Maar God werk natuurlik anders. In die storie wat ons nou gaan hoor, gebruik Hy juis vroue. Heel eerste ontmoet ons vir Debora, die leier en profetes. Sy het altyd onder ŉ palmboom gesit en die Israeliete het daarheen gekom sodat sy hulle kon raad gee met hulle probleme. Sy was baie slim. Eendag het God vir haar ŉ opdrag gegee om ŉ man met die naam Barak te roep en vir hom ŉ boodskap te gee.

Debora: Dis reg, Here, ek sal doen wat U vra en vir Barak laat roep.
Debora: (Draai nou na Barak se kant toe.) Barak, die Here, die God van Israel, gee vir jou ŉ opdrag. Hy sê jy moet 10 000 mans vat en na Taborberg toe gaan. Die Here sal self vir Sisera in ŉ lokval lei. Die Here sal hom, sy 900 yster strydwaens en sy troepe in jou hande oorgee.
Barak: Maar Debora, Sisera en sy weermag is baie sterker as al die Israeliete saam! Ons het nie 900 strydwaens soos hy nie. As jý saam met my gaan, sal ek gaan, maar as jy nie saamgaan nie, gaan ek ook nie.
Debora: Dis reg, ek sal saam met jou gaan. Maar omdat jy nie op God vertrou het nie, gaan jy nie vir Sisera doodmaak en die eer kry daarvoor nie. Sisera sal deur ŉ vrou doodgemaak word en sy sal al die eer kry.
Verteller: (Fluister agter hand na gehoor toe:) Barak het nie juis op God vertrou nie, nè, maar Debora het ten volle op God vertrou, al het sy geweet dat Jabin se weermag baie sterker as hulle is.
Barak: Ek sal die 10 000 mans bymekaarkry om saam te gaan. *(Stap kamma weg en kom weer terug.)* Ons is reg om te gaan baklei, Debora.
Debora: Kom ons gaan nou. Die Here gaan vandag sorg dat ons vir Sisera verslaan. Hy sal self saam met ons gaan; ons moet net op Hom vertrou. *(Sit die Debora pop neer as jy ŉ pop gebruik, andersins stap die akteur weg.).*
Barak: Manne, laat ons nou gaan en teen Sisera veg in die naam van die Here.
Verteller: Terwyl Barak en die soldate op pad was na Sisera se weermag, het iets fantasties gebeur – iets wat net God kan doen.
Barak: Kyk, Sisera se strydwaens en manskappe het skielik vreeslik bang geword. Hulle is besig om uitmekaar te spat. Die Here self is besig om te veg! Jaag agter hulle aan, manne. Kyk, Sisera het sy strydwa net hier gelos en per voet weggehardloop. Hy sal nie baie ver kom nie. Kry hom!
Verteller: Terwyl Barak agter Sisera aangaan, sien hy ŉ vrou voor ŉ tent sit.
Barak: Jy daar by die tent. Wie is jy?
Jael: My naam is Jael en ek is Heber se vrou. Kom kyk hier in my tent – ek sal vir jou die man wys wat jy soek.
Barak: God het ons gehelp om die hoof van die vyand se weermag te vang.
Jael: Ons kan so dankbaar wees dat hulle ons nie weer gaan pla nie.
Barak: Weet jy wie hierdie man is wat jy doodgemaak het? Dis Sisera, die hoof van die weermag.
Debora: Barak, nou moet ons die Here prys en sing, want vandag het Hy ons gered. Ons moet oral waar ons gaan, vir mense van God vertel.

Die kinders kry tyd om oor die verhaal te dink:

1. Ek wonder hoe Debora gevoel het toe sy sien Barak vertrou nie op God nie.
2. Ek wonder hoe Barak gevoel het toe Debora vir hom sê dat ŉ vrou vir Sisera gaan doodmaak en die eer daarvoor kry.
3. Ek wonder wie jou gunsteling karakter in die storie was.
4. Ek wonder hoekom is dit nie altyd maklik om ŉ goeie leier te wees nie.
5. Ek wonder wat die belangrikste ding is om te onthou wanneer ons ŉ goeie leier wil wees of wanneer ons in moeilike situasies kom.

Vandag se "vreemde vrou", Debora, herinner jou ook dat elkeen van ons deur God gebruik kan word; of jy ŉ dogtertjie of seuntjie is, maak nie saak nie. Dit maak ook nie saak hoe oud jy is nie!

Werskaf

- Debora onder die palmboom: Gee vir elke kind ŉ toiletrolletjie (dit kan bruin ingekleur word vir die palmboom se stam) asook ŉ paar "blare" uit groen papier. Die groter kinders kan die name van die karakters in die storie op die blare skryf of enigiets wat hulle uit die verhaal geleer het. Die blare word dan in die een opening van die "stam" geplak om soos ŉ palmboom te lyk. Elke kind kry ook ŉ prentjie van Debora om in te kleur, uit te knip en dan teen die stam van die palmboom te plak.
- Die kinders kan boekmerkies maak deur Ps 27:14 daarop te skryf: "Vertrou op die Here! Wees sterk en hou goeie moed!"
- Vul die regte antwoorde op die blokkiesraaisel in.

Sluit af met seënbede

Die kinders sit of staan in ŉ sirkel. Hulle hou hul hande uitgestrek na die kante toe met albei palms na bo. Elkeen se regterhand se palm is bo die ander kind se linkerhand se palm. Laat hulle oefen om ŉ seënwens aan te gee: Iemand begin om hul regterhand oor te beweeg na links en dan liggies in sy maat aan die linkerkant se hand te tik. Daardie maat doen dan dieselfde met sy regterhand na die maat aan sy linkerkant se hand toe. Stuur so die bede aan in die rondte. Sodra die kinders dit regkry, sê almal die seënbede saam terwyl hulle dit in die rondte "stuur":
Die Here is **voor** jou om jou pad gelyk te maak;
Die Here is **agter** jou om jou teen slegte dinge te beskerm;
Die Here is **langs** jou om jou in sy arms toe te vou;
Die Here is **onder** jou om jou te dra as jy mag val;
Die Here is **bokant** jou om jou te seën; En die Here is **binne** jou om jou te lei met sy Heilige Gees.

1. Die Israeliete was weer in die moeilikheid, en daarom het hulle weer tot God _ _ _ _ _ vir hulp.
2. God stuur toe ‘n profetes om hulle te _ _ _ .
3. Sy gee opdrag aan _ _ _ _ _ om op te trek teen Jabin se leër.
4. Alhoewel sy nie die offisier was nie, het sy die _ _ _ _ _ _ gegee om die ander volk aan te val.
5. _ _ _ _ _ _ se manne en hyself het so bang geword dat hulle gevlug het.
6. _ _ _ _ is die vrou wat die man mislei en hom doodgemaak het.

Die woord wat ons soek, is _ _ _ _ _ _

G	E	B	I	D					